

**BEVOEGHEID OM 'N BOERDERY TE KAN BESTUUR
DEUR
DR PHILIP THEUNISSEN**

VERANTWOORDELIKHEDE

Die eienaars van 'n besigheid moet verantwoordelikheid vir al die besigheid se aktiwiteite en ook die gevolge daarvan aanvaar. Al tree die eienaars op op grond van advies wat konsultante, die bankbestuurder, die boekhouer of selfs die prokureur aan hulle verskaf, kan sulke persone net vir doelbewuste misleidings of nalatighede aanspreeklik gehou word en nie vir die sukses of mislukking van die besigheid self nie.

Eienaarskap

Vir die doeleindes van hierdie argument moet eienaars van 'n besigheid eers behoorlik gedefinieer word. Dit word beïnvloed deur die besigheidsvorm. Die vernaamste besigheidsvorme is eenmansake, vennootskappe, maatskappye/beslote korporasies en trusts. Kortliks beteken dit dat 'n eenmansaak net een persoon as eienaar kan hê terwyl 'n vennootskap verskeie eienaars sal hê. In eenmansake en vennootskappe is die eienaars ten volle aanspreeklik vir enige skulde wat die besigheid aangaan. Maatskappe en beslote korporasies het ook meervuldige eienaars maar die verskil is dat hulle net tot krediteure aanspreeklik is tot die kapitaal wat hulle in die besigheid belê het, tensy hulle byvoorbeeld deur borgstellings of sekuriteitstellings tot verdere verpligtinge verbind is.

Trusts het nie werklik 'n eienaar nie omdat die bates daarin tot voordeel van begunstigdes bestuur word. Die bestuur van die trust, naamlik die trustees, bestuur die trust maar is gewoonlik nie in hulle persoonlike hoedanigheid vir skulde aanspreeklik nie, tensy die trustakte hulle daartoe verbind.

Rekenskap

In die geval van 'n eenmansaak of vennootskap is die eienaars direk by die besigheid betrokke. Hulle is dus terselfdertyd bestuurders en eienaars van die besigheid. Gevolglik kan hulle slegs aan hulle self rekenskap gee oor hoe suksesvol hulle die besigheid bestuur.

By trusts moet die trustees die besigheid tot voordeel van die begunstigdes bestuur. Baie keer is die begunstigdes 'n weduwee en/of minderjarige kinders. Die trustees bestuur die trust in gevolge die bepalings van die trustakte wat 'n stel huishoudelike reëls is wat deur die oprigter van die trust neergelê is. 'n Skuldeiser moet op hoogte wees van die bepalings in die trustakte en kan die trust slegs aanspreeklikheid hou vir skulde tot die mate wat die trustakte dit toelaat.

In die geval van maatskappye en beslote korporasies is die eienaars en bestuur van die besigheid in teorie van mekaar verwyder. By kleiner besighede, soos boerderye, is die maatskappy of bk se eienaars baie keer ook die bestuur van die besigheid maar by groter besighede, veral die wat op die effekte beurs genoteer is, is die grootste deel van die aandeelhouders (eienaars) nie direk by die bestuur van die besigheid betrokke nie. Die bestuur het dus 'n verpligting om rekenskap aan die eienaars te doen oor hoe die besigheid bestuur word. Die wet skryf dan nog verder voor dat die finansiële rekords deur 'n eksterne ouditeur (maatskappye) of 'n rekeningkundige beampte (bk's) geverifieer moet word.

Ouditeur

Die rol van 'n onafhanklike ouditeur is om 'n opinie uit te spreek oor die finansiële state van die maatskappy en om vas te stel of die state 'n redelik getroue weergawe van die besigheid se handelsaktiwiteite is. 'n Ouditeur moet gevolglik by 'n professionele liggaam soos die Suid-Afrikaanse Instituut vir Geöktrooieerde Rekenmeesters geregistreer wees. Die ouditeur moet sy onafhanklikheid ten alle koste handhaaf om seker te maak dat hy onpartydig in sy beoordeling van die besigheid se finansiële rekords sal wees.

Van 'n beslote korporasie word daar nie noodwendig 'n onafhanklike ouditeur vereis nie omdat 'n audit nie uitgevoer hoef te word nie. Daar moet wel 'n rekeningkundige beampte wees wat by 'n professionele liggaam soos die Instituut vir Finansiële Rekenmeesters geregistreer is. Een van die lede kan terselfdertyd ook as rekenkundige beampte optree mits hy 'n geregistreerde rekenmeester is. Dit staan die lede egter vry om wel 'n onafhanklike ouditeur aan te stel wat 'n audit kan uitvoer.

Rekenmeester

Eenmansake, vennootskappe en selfs trusts word nie verplig om 'n geregistreerde ouditeur of rekeningkundige beampte aan te stel nie. Daarom kan enige persoon as rekenmeester vir sulke besighede optree. Hoewel dit 'n goedkoop opsie is, is dit nie noodwendig 'n wenslike opsie nie. Net soos wat deesdae se motorvoertuie goedgekwalifiseerde werktuigkundiges vereis en nie "backyard mechanics" nie, verg deesdae se ingewikkelde belastingwette ook nie agterplaas boekhouders nie maar eerder geregistreerde rekenmeesters wat deur hul professionele liggame verplig word om op hoogte te bly met veranderings aan belastingwetgewing.

Openbare amptenaar

Omdat 'n maatskappy of bk nie 'n natuurlike persoon is nie, vereis die SA Inkomstediens (SARS) dat sulke besigheidsvorme 'n openbare amptenaar aanwys. Hierdie persoon is 'n lid van die besigheid wat primêr verantwoordelik is vir alle korrespondensie tussen SARS en die besigheid. SARS hou hom verantwoordelik vir die indiening van alle belastingopgawes en sal hom dagvaar in geval die opgawes laat ingedien word of as daar uitstaande belasting, bedrog of belastingontduiking is.

Daar is nie openbare amptenare in die geval van eenmansake of vennootskappe nie. Die rede is eenvoudig: die eienaars word self verantwoordelik gehou vir alle belasting aspekte.

Maatskappysekretaris

Die maatskappysekretaris is 'n beampte van die maatskappy. Die maatskappywet vereis dat alle publieke maatskappye met 'n aandeelkapitaal 'n maatskappysekretaris moet aanwys. Baie privaat maatskappye wys ook 'n eksterne maatskappysekretaris aan hoewel dit nie deur die wet vereis word nie. Dit is ook nie vir bk's 'n vereiste om 'n maatskappysekretaris aan te stel nie. Die pligte van die maatskappysekretaris is om:

- Toe te sien dat die statute uitgevoer en nagekom word;
- Toe te sien dat vergaderings behoorlike saamgestel en uitgevoer word en dat daar notules gehou word;
- Te sorg dat alle verpligte dokumentasie korrek en tydig opgestel word;
- Te verseker dat rekords in gevolge die maatskappywet bygehou word;
- Riglyne aan direkteure te verskaf vir die uitvoer van hulle pligte.

Slotsom

Die eienaars bly primêr vir die aktiwiteite van die besigheid verantwoordelik en moet dan ook die uitkoms daarvan aanvaar. In die geval van groter maatskappye kan sekere aanstellings, soos 'n onafhanklike ouditeur, help om die bestuur se aktiwiteite te verifieer. Dit is baie belangrik dat enige persoon wat 'n besigheid begin homself van al sy verantwoordelikhede vergewis omdat hy nie onkunde of sy rekenmeester se optrede as verskoning kan aanvoer as die besigheid se pligte versuim is nie. Professionele persone, soos rekenmeesters of prokureurs, lewer slegs 'n adviserende diens tot die besigheid en teken nie die tjeks of kontrakte namens die eienaars van die besigheid nie.

BETHLEHEM
Januraie 2006